# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**NOVEMBER 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

INLIGTING EN INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 60 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 20 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1:

- Kies EEN onderwerp en skryf 150 - 200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

1.1 Ek kon my oë nie glo nie. [50]

1.2 Die persoon wat my inspireer ... [50]

1.3 Musiek. [50]


1.4 Ek wens ... [50]

1.5 Daardie dag het ek lekker gelag. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en gee jou opstel 'n titel.

LW: *DAAR MOET 'N DUIDELIKE VERBAND TUSSEN DIE OPSTEL EN DIE PRENT WAT JY GEKIES HET, WEES.*

1.6.1



1.6.2



1.6.3



[50]

TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2:**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 - 150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

### 2.1 DIALOOG

Jou ouers het julle op 'n ongelooflike, wonderlike vakansie gedurende die September vakansie geneem. Vertel jou maat by die skool daarvan. Skryf hierdie gesprek in dialoogvorm neer. [30]

### 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Julle het onlangs na 'n nuwe huis getrek en vreemde dinge het begin gebeur. Skryf aan jou maat en vertel hom/haar daarvan. [30]

### 2.3 TOESPRAAK

By jou sestiende verjaardagpartytjie is jy gevra om 'n toespraak te lewer. Skryf nou die toespraak neer. [30]

### 2.4 HULDEBLYK

'n Goeie maat van jou is onlangs oorlede. Jy is gevra om 'n huldeblyk by die begrafnisdiens te lewer. Skryf nou die huldeblyk neer. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS


### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 - 100 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

3.1 POSKAART

Jy het saam met jou skoolspan op 'n toer na Kaapstad gegaan. Stuur nou 'n poskaart aan jou ouers en vertel hulle van die toer tot dusver.

TEKEN DIE ONDERSTAANDE POSKAART OOR OP JOU ANTWOORD BLAD EN VUL DIT DAN IN.




[20]

3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Jy gaan nou jou finale graad 10 eksamens skryf.

Maak dagboekinskrywings vir TWEE dae hieroor soos volg:


- DAG 1: Jou gevoelens die aand vóór jou eksamen.
- DAG 2: Jou gevoelens die aand ná jou eksamen. [20]

3.3 PLAKKAAT

Jou gunsteling troeteldier is weg en jy is baie hartseer. Ontwerp nou 'n plakkaat wat jy kan opsit sodat ander mense jou kan help soek. [20]

3.4 RIGTING AANWYSINGS

Gebruik die onderstaande kaart en verduidelik vir jou nuwe maat hoe om van die skool tot by jou huis te kom. Jy moet die bakens waar hy/ sy verby moet ry, noem.




[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

SOMTOTAAL : 100